

1 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 110 (NAV)

Ons Koning regeer!

Hoekom lyk die wêreld so ontsettend deurmekaar?

Psalm 110 gee vir ons 'n belangrike rede: Jesus is Koning. Hy sit nie met gevoude arms en toekyk hoedat mense God onteer nie. Hy maak onvermoeid oorlog (Ps 110:7).

Dit sien ons elke dag!

Wêreldgrootes maak tevergeefs planne (Ps 2:1). Hy straf die nasies; Hy verdelg hulle leiers; Hy laat die wêreld vol lyk lê (Ps 110:6); Hy gee hulle oor ongebonde seks (Rom 1:24); Hy gee hulle homoseksualisme (Rom 1:26); Hy laat hulle vasloop in hul eie dwaasheid (Rom 1:28-32); selfs kerkmense ontspoor omdat hulle die waarheid nie liefhet nie (2 Tes 2:10).

Die Woord leer ons egter ook van God se wonderlike genade: Jesus is óók 'n Priester! Hy verlos ons (1 Tim 4:10); Hy gee ons krag om innerlik sterk te word (Ef 3:16); Hy laat selfs teëslae vir ons positief uitkom (Rom 8:28); Hy is ons Voorspraak by die Vader (1 Joh 2:1).

In hierdie hele opset is ek en jy soos "jongmanne gereed vir die heilige stryd". Hiervoor is ons wonderlik toegerus met 'n wapenrusting (Ef 6:10-17). Beantwoord jou lewe werklik aan die beeld van 'n ywerige soldaat? 'n Nalatige soldaat gaan sneuwel! Daar teenoor kan die vurige kampvegter vir God se eer selfs die duiwel op vlug laat slaan (Jak 4:7). Ons móét veg en stry! Ons is immers in Christus seker van die oorwinning (Rom 8:37).

Sing: Psalm 68:1,2 Ds APC Duvenage (Emeritus)